
SSK

# wenakker

Junie / June 2020

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Psalm 91:4 : "Hy beskut jou onder sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuilplek. Sy trou beskerm jou aan alle kante."



# A NEW DAWN

## COVID-19 VOORKOMING / PREVENTION

Werk saam, Wen saam | Work together, Win together

FOKUS OP: COVID-19 PANDEMIE

# SSK EN DIE COVID-19 PANDEMIE



SSK Hoof Uitvoerende Beampte: Erenst Pelser

Die ganse wêreld bevind hom die afgelope 5 maande in onbekende en onbevaarde waters. Die Covid-19 pandemie maak geen onderskeid nie, dit raak ons almal. In hierdie konstant veranderende wêreld gaan ondernemings gemeet word aan hoe dinamies hul kan aanpas by die vereistes van die verskillende vlakke van inperking, sonder om dienslewering in te boet. Juis daarom poog ons by SSK om binne hierdie beperkings, in die beste belang van ons lede en belanghebbendes, vinniger en goeie besluite te neem en praktiese oplossings te vind.

The current extra-ordinary circumstances necessitate continuous ingenuity and adaptation from SSK in order to continue meeting the expectations and requirements of our members and clients. Farmers are very accustomed to adapting to change. They are constantly faced with variables such as weather conditions, markets, politics and the economy. These factors are beyond their control and greatly affect their businesses. This special ability to adapt to an ever-changing environment, stand farmers in good stead during the current challenging times.

Alhoewel die landboubedryf sedert die begin van die inperking geklassifiseer is as 'n noodsaaklike diens, is alle bedrywighede nie toegelaat nie. Ons is dankbaar vir die vrystelling van die groter landboubedryf onder vlak 4 en het kennis geneem van die waardering wat die Minister van Landbou, me. Thoko Didiza, uitgespreek het teenoor landbouers en plaaswerkers vir onbaatsugtige diens, om ondanks die voorkoms van die koronavirus voort te gaan om die land te voed en voedselsekerheid te verseker.

The Minister has indicated that the food supply system must remain functional and that the agricultural value chain is an essential sector that has to remain uncompromised. Organized agriculture is included in, and closely involved with, the project team tasked with advising the Minister and we are grateful for the important role that they fulfil on behalf of us all.

Omri van Zyl, Executive Director of AgriSA, recently emphasized that the spread of the virus threatens agricultural trade globally. South African agriculture exports approximately 25 commodities amounting to a value of more than $10 billion annually. "The current uncertainty of the markets and the subsequent global economic slowdown is adding additional pressure on the debilitating South African economy. The growing impact of the COVID-19 coincides with the announcement of a 1,4% retraction in our economy, as well as a decline of 7,6% for agriculture in the fourth quarter of 2019". Van Zyl says that at this stage it is difficult to quantify the economic impact on South African agriculture and that they are expecting supply chain and logistical disruptions, that may cause harm to export-driven agricultural sectors. In light of this, Agri SA has called on all parties involved in the agricultural sector, to strictly adhere to the safety precautions as set out by the state and various other informed institutions.

In terme van SSK is al ons besigheidsafdelings en administratiewe funksies ten volle operasioneel, met die enigste uitsonderings die huishoudelike winkel in Swellendam en die Der Keldermeister drankwinkel in Mosselbaai (tydens vlak 4 en 5).

Ons is dankbaar dat SSK se filiale in die voedselprosesseringsbedryf (Eureka Meulens, Southern Oil en Hessequa Abattoir) gedurende hierdie tyd ten volle operasioneel is en 'n wesenlike bydrae maak tot voedselverskaffing in Suid-Afrika. Vanuit die Langkloof berig die vrugteprodusente dat dit 'n gemiddelde oes realiseer, maar dat uitvoermarkte 'n uitdaging bly, as gevolg van sekere markte wat gesluit is in lande met streng inperkings regulasies. Alternatiewe markte kon gevind word, maar pryse was oor die algemeen swakker. Die swak rand tel in die uitvoerprodusente se guns en kompenseer grootliks vir die swakker produkprys. Vyeprodusente kry egter baie swaar, aangesien dié uitvoermark grootliks afhanklik is van die lugvaart.

Ten tye van hierdie skrywe in middel Mei, was die reënval nog onder-gemiddeld en omstandighede nie ideaal vir die graanboere nie. Reën word dringend afgewag.

Ons wil u hiermee uitnooi om ons personeel en bestuur te kontak indien ons in hierdie tyd op enige gebied van hulp kan wees. Ek is trots op die wyse waarop ons personeel dié uitdagende tyd aanpak en verantwoordelikheid neem vir 'n heel nuwe werksomgewing. SSK se leuse: Werk saam, Wen saam is nou belangriker as ooit.

Ek is dankbaar vir ons boere. Daar is steeds soveel hoop en soveel genade. Ons bid vir God se seën oor Suid-Afrika en sy mense.

*- Erenst Pelser*
*(Hoof Uitvoerende Beampte)*

# DIS PLANTTYD!



Foto: Janneman Fourie

# JOHN ROBERTSON VAN ROOIHEUWEL





John Robertson by sy Nguni-beeste.

As John Robertson nie 'n suksvolle boer was nie, kon hy net sowel 'n Professor in Ekonomie, Filosofie, Politieke Wetenskap of Engelse letterkunde gewees het. Hy is alombekend as wel berese en -belese. 'n Man wat eers bevraagteken en analiseer, alvorens hy iets vir soetkoek opeet. Hy het dien sedert 1992 eers op die SWLK Raad, daarna op die Tuinroete Agri Raad en sluit in 2013 by die SSK Raad aan. Niemand kan die storie van die Robertsons beter vertel as hyself nie en juis daarom stel ons hom sélf aan die woord:

"Ek boer in een van die pragtigste omgewings in die wêreld. Ja, daar is sekerlik beter plase, maar min so mooi soos hierdie vallei op Klein-Brakrivier met sy strandmeer, heuwels en die Outeniquaberge as agtergrond. Daarvoor is ek my voorouers baie dankbaar.

My oupagrootjie, Donald Robertson, het net na 1860 hier begin boer, aangesien die droër klimaat in vergelyking met Outeniqualand, meer geskik was vir sy twee uitvoerprodukte, naamlik merinowol en volstruisvere. Hy was 'n ware entrepreneur wat baie vroeg in die volstruisbedryf betrokke was en op vindingryke maniere die eerste mark ineenstorting omseil het. Sy wol het hy tot in die VSA bemark en op die 1881 Chicagoskou het sy wol skoonskip gemaak. Hy was ook 'n baanbreker met besproeiing, vrugtemarkte en graanmarkte. Hy besoek Europa en die VSA al in die 19de eeu.

My oupa, Ernest Robertson, was ook 'n bewese sakeman wat sy pa se boerderybelange uitgebrei het. Die plase waarop ek hoofsaaklik boer, het hy in die 1940's aangekoop. Hy het sy gemeenskap op vele terreine gedien en was ook stigterslid en eerste onder-Voorsitter van die destydse Suid-Westelike Graan Koöperasie, die voorloper van Tuinroete Agri, nou ingesluit in SSK. My pa, Peter Robertson, was 'n enigste seun en het die boerdery- en leierskaps tradisie voortgesit. Hy was ook suksesvol in sy eie reg en kon vir al drie sy seuns lewensvatbare boerdery eenhede nalaat.

Wat het hierdie voorsate in gemeen gehad? Hulle het al drie sterk, onafhanklik-denkende vrouens gehad. Hulle gesinne het eerste gestaan, hulle sake 'n kortkop agter en hulle het hulself as wêreldburgers beskou, wat hulle kinders 'n liberale opvoeding gegee en aangemoedig het om te reis, te verken en te lees.

Na voltooiing van matriek op Rondebosch Boys High is ek na Stellenbosch Universiteit. Hier het ek die geleentheid gehad om na afloop van my voorgraadse studie, verder te studeer terwyl ek ook werksaam was by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek. Na drie jaar se werk by die Buro het ek aan die einde van 1977 teruggekeer plaas toe. My vrou, Marianthe, oorspronklik vanaf Stellenbosch, het by die Tygerberg hospitaal gewerk as arbeidsterapeut. Ons het drie kinders, 'n dogter en twee seuns. Ons jongste seun James, is die vyfde geslag Robertson wat op Klein-Brakrivier boer.

On Rooiheuwel we presently run a dairy herd, from an irrigation platform of approximately 300 hectares, while on the outlying farms we produce fodder, run replacements and a small Bonsmara beef herd as well as a Nguni herd. The irrigation lands are situated on old sea-beds and sometimes within a metre or two of sea level. Initially I visited and received assistance from Wageningen University and the Dutch Kultuur Tegniese Dienste on the methodology to use on this soil. Luck plays a major part in most businesses. As Seneca, the Roman philosopher says; "luck is when opportunity meets preparation". I am fortunate to be a member of the luckiest generation that has lived. We enjoyed every opportunity. In my opinion, this is the best time to have been born.

Today I farm with nothing that I farmed with 20 years ago. It is to be expected, that changes in consumer tastes and climate conditions, can again result in changes to our product offering in future. Adversity often creates opportunity. As farmers, and South Africans, we must be able to observe our situation from a distance, without blinkers. Reading, travelling and cultivating critical acquaintance help. I have always been a pragmatic optimist. If one is not optimistic, one will stagnate and fall behind. Within the present policy parameters, we will continue to see a decline in producer numbers, more joint ventures and a further consolidation of agri-businesses and co-operatives. This is a universal trend.

> **"Ons moet boer en lewe in die hede"**

Hoe lyk die toekoms? Ons moet boer en lewe in die hede. Binne die landbou is daar steeds 'n ruimte waarbinne ons kan oorleef en so glo ek, floreer in Suid-Afrika".

Ek kuier in laat herfs op Rooiheuwel se "winterstoep" saam met John en Marianthe. In die tuin wei die hans skaap en –alpaka. Albei nou volgroeid en ooglopend baie gelukkig. Dit is 'n pastorale en"vreetsame" prentjie, ten spyte van die inperking wat daar buite heers. Als is wel op Rooiheuwel.

*- Annelie van Wyk*



John en Marianthe Robertson.

# JACQUES DE BEER

## Versekeringsadviseur: Riversdal

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is in Bloemfontein gebore, maar het op op George grootgeword. Ek matrikuleer in 1986 by Hoërskool Outeniqua, waar ek eerstespan rugby en krieket gespeel het. Daarna studeer ek by Universiteit Stellenbosch en voltooi 'n BA Bedryfsielkunde graad, met Handelsreg en Sielkunde as bykomende derdejaar-vakke. Ek het vir Maties o/19 en o/20 rugby gespeel. My vrou Rouxline is oorspronklik van Namibië, maar ons het mekaar in Prieska raakgeloop. Sy is my besigheid se administratiewe regterhand. My seun Malan is 8 jaar oud en is besig om sy vlerke te vind in Laerskool Volschenk. Hy is my en Rouxline se grootste en beste geskenk ooit.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons gaan graag naweke na ons strandhuis op Stilbaai – braai, vang vis en raak rustig. Ons is lief om nou en dan Kaapstad of George toe te gaan vir 'n bietjie uiteet en om te sien hoe die ander mense dit doen.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het in 1993 op George by Sentrasure Versekering begin werk in die Eise-afdeling. 'n Jaar later is ek bevorder tot Distriksbestuuder en verplaas na Hopetown. Daarna was ek in Bloemfontein by Mutual & Federal, waar ek verskeie koöperasies soos GWK, BKB, OVK en Senwes ten opsigte van



Jacques saam met Rouxline en Malan.

versekeringsdienste bygestaan het. Ek het in 2003 by Mutual & Federal in Bloemfontein bedank en by Tuinroete Agri as 'n onafhanklike Makelaar begin werk. Na 27 jaar in die versekeringsbedryf, is ek nog steeds bevoorreg om in samewerking met SSK by versekering betrokke te wees en kliënte in die area te kan bedien.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Die grootste en moeilikste besluit in my lewe was om die sprong van gemaksone in die korporatiewe wêreld, met al sy byvoordele van 'n gewaarborgde salaris, verlof ens. te neem na die onsekere pad van makelaar, maar na 17 suksesvolle jare, is ek dankbaar vir die ondersteuning van Riversdal en sy gemeenskap.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek sal graag in samewerking met SSK steeds die toonaangewende Versekerings spesialis in die area wil wees.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Ek poog om lesse uit gister te leer, vir vandag te leef en my hoop op môre te vestig.

---

DER KELDERMEISTER

## TOP 10 WINES

1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
3. Van Loveren Sauvignon Blanc
4. Beyerskloof Pinotage
5. Van Loveren Neil's Pick Colombar
6. Unbelievable Dry Red
7. Durbanville Hills Sauvignon Blanc
8. Diemersfontein The Prodigy Pinotage
9. Alvi's Drift Sauvignon Blanc
10. Van Loveren River Red

---

SSK

## LANGDIENS ERKENNING

**20 JAAR:** Johan le Roux, John Michaels, Louis Ganga en Francois Kistoor.

**15 JAAR:** Jimmy Eksteen, Jan Jansen en Isaac Swart.

**10 JAAR:** Shaun Snyers, Suné Levendal, Oswald Moses, Adriane Deveroux, Phumile Ngqwiti, Brandon Hartwick, Johannes Skietekat, Francois Moller en Riaan Jacobs.

---

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | FEB 2020 | MAART 2020 | APRIL 2020 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 33 | 75 | 34 |
| Albertinia | 41 | 30 | 7 |
| Ashton | 3 | 4 | 17 |
| Avontuur | 70 | 42 | 64 |
| George | 42 | 51 | 42 |
| Heidelberg | 32 | 25 | 22 |
| Herold | 4 | 22 | 24 |
| Joubertina | 19 | 10 | 37 |
| Karringmelks | 26 | 30 | 20 |
| Knysna | 60 | 65 | 64 |
| Misgund | 47 | 33 | 25 |
| Mosselbaai | 57 | 33 | 43 |
| Protem | 24 | 19 | 80 |
| Plettenbergbaai | 56 | 42 | 53 |
| Riversdal | 21 | 21 | 10 |
| Swellendam | 25 | 58 | 16 |
| Uniondale | 21 | 4 | 20 |

**Gelliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# AWIE ERASMUS: BESTE HAWERKUILVOERPRODUSENT

SSK lid, Awie Erasmus van De Draay buite Riversdal, is onlangs in die 2019 Santam Landbou-Kuilvoer kompetisie gekroon as die beste hawerkuilvoerprodusent. Awie se oupa en naamgenoot het in 1933 op De Draay begin boer met sagtevrugte, wyndruiwe en 'n kleinskaalse melkery. Sedert 2007 fokus hulle hoofsaaklik op die melkery, 'n skaapkomponent en die plant van kontantgewasse. Die lande wat oupa Awie destyds met 'n ploeg en trekker ontwikkel het, vorm vandag die fondament van die melkboerdery. Die droëlande word in die herfs aangeplant om vroeg lente kuilvoer en kos vir die skape te voorsien en ook vir die oes van kontant-gewasse.

Volgens Awie is vars kuilvoer van 'n goeie gehalte een van die belangrikste voedselbronne in die melkbedryf. "As al die prosesse op die regte manier toegepas word, verkry 'n boer 'n hoë energie ruvoer teen 'n relatief lae koste".



**V.l.n.r: Lize, Awie Jnr en Minke Erasmus**

Sy wenresep hiervoor is as volg:

- Kuil 'n gesonde plant op die regte groeistadium in.
- Verseker dat die regte kaplengte deurgaans deur die kuilvoerkerwer gehandhaaf word.
- Laai die kuilvoer so vinnig doenlik by die bunker af.
- Doeltreffende kompaksie is uiters belangrik en moet verseker word. Hoe beter die kompaksie gedoen is, hoe meer neem die gehalte van die eindproduk toe.
- Laastens moet die kuilvoerhoop so lugdig moontlik geseël word.

# SSK MEMBERS HONOURED BY LOCAL BUSINESS CHAMBERS

## NELIUS VAN GREUNEN: BUSINESS PERSON OF THE YEAR GEORGE



Late last year, SSK member Nelius van Greunen was selected as the George Business Chamber's 2019, Business Person of the Year.

Nelius of Van Greunen Boerdery took top honours at the awards evening held to honour the cream of the crop of local businessmen and women.

From left: Dr. Willie Cilliers (Chairperson of the Western Cape AHI), Mr. David Maynier (Western Cape Minister of Finance and Economic Opportunities), Mr Nelius van Greunen, Mr Melvin Naik (George Mayor) and Dr Dennis Farrell (Chairperson of the George Business Chamber). *Photo: Eugene Gunning*

## VANIE OOSTHUIZEN: BUSINESS PERSON OF THE YEAR MOSSEL BAY

SSK member and farmer, Vanie Oosthuizen, the owner of Albertinia Meubelvervoer, was announced as the Mossel Bay Business Person for 2019. Another SSK member, Jantjie Jonker from Jakkalsvlei was one of the runners up.

Albertinia Meubelvervoer was founded in 1986. The company recently handled a removal from Oudtshoorn to 'Die Hel' in the Gamkaskloof, - a daunting and treacherous road for any vehicle! Vanie did some careful planning and decided that only his smaller 8 ton truck would be able to get through. From the last 5 kilometre mark onwards, the removal team literally walked the truck down so that rocks could be moved out of its path. After a mere 100 kilometres and seven-and-a-half hours later, the furniture was safely home.





**Vanie Oosthuizen boer met skaars Ankolibees. (Hy deel die passie met ons president!).**

# DIE TRUTERS VAN TRUTERSDAL




V.l.n.r: Vusumzi Sambokwe (Afslaer), Weeber Truter, Matthew Fox (Senior Bestuurder: House-of-Fibre) en Pierre van der Vyver (Hoofbestuurder, House-of-Fibre)

Weeber Truter, SSK lid van Herold, het onlangs 'n 5 jaar oue wêreldrekord gebreek toe hy 'n prys van R625 /kg vir 24.8-micron winter kleinbokkie bale met super styl en karakter en 'n goeie B-lengte behaal het. Hy beklemtoon dat hy nie met Angorabokke boer nie, maar 'n sybokhaarkweker is. Suid-Afrika produseer tans ongeveer 60% van alle sybokhaar in die wêreld.

Trutersdal, die 1800 hektaar plaas van Weeber en Tina Truter in die Heimersrivier area kyk uit op 4 bergreekse: die Outeniqua, Langeberg, Kamanassie en Swartberge. Hulle is die 3de geslag Truters op die plaas. Weeber is 'n Springbokskut, bestuurslid van die Sybokhaarkwekers-vereniging en sedert 1980 betrokke by die Agri Herold Landbouvereniging.

Die Truters se seun, Martino en sy vrou is albei veeartse op George, een van hulle dogters, Amelia, werk as Spysenier by De Grendel en die jongste dogter, Nathania, is tans 4de jaar medies. (Sien die roerende brief van Nathania aan haar pa onder).

Weeber moes noodgedwonge tydens die huidige droogte sy 5000-6000 stuks sybokke verminder na 2500 en hy voer nou al 'n geruime tyd. SSK is trots op 'n produsent wat wêreldrekords breek ten spyte van die haglike droogtetoestande wat in sy gebied heers.

Wel gedaan Weeber!

- Annelie van Wyk

## 'n DOGTER SE BRIEF AAN HAAR PA IN DIE DROOGTETYE

*~ Aan Weeber Truter, geskryf en verskaf deur Nathania Truter*

***Pappa***

*Ek wil vandag my nederige arrogansie kom uitruk en spog oor jou!*

*Ek weet nie eers eintlik hoe en waar om te begin nie - en na al die tik-uitvee-tik- uitvee... wonder ek hoekom dit so moeilik is om my waardering in die publiek aan jou en mamma oor te dra.*

*Daar is min - indien enigsins - iemand wat só lief is vir 'n Angorabok soos pappa. Ek onthou hoe ek altyd as klein dogtertjie (ek's nou nog klein!) jou gevra het om vir my 'n prentjie in my inkleurboek in te kleur. Dan was die antwoord altyd: "Sussie, soek vir pappa 'n bok dan kleur ek hom vir jou in."*

*Nou dat ek ver van die plaas in 'n stad bly, en net vakansies huis toe kom, koester ek herinneringe. Ai pappa - daar's so baie.*

*Ek dink aan die groen lande wat bo my gestrekte arms uitgesteek het, Herold toe ry met die lorrie vir die graan om geweeg te word. Vet, gesonde bokke wat vrylik kon rondwei, lammers wat spekvet was van al die melk wat hul mammas hulle kon gee. Dit was mooi.*

*En nou Pappa - nou weet ek hoe moeilik dit is.*

*Om vir die afgelope 5 jaar elke oggend in jou bakkie te klim, uit te ry lande toe en honger bokke te moet gaan voer. Om 'n plaas te aanskou wat eens gespog het met grasgroen landerye en rekordoeste en wat nou net stof en klip is.*

*Om elke dag te hoor...*
*"Byt vas, boer... die reën is oppad!". "Moenie bekommerd wees nie, elke dag is die reën nader!". "Jy moet net glo, die reën sal kom!" - nou glo ek dan nie hard genoeg nie?*

*Dis nie meer mooi nie. Dis nou moeilik.*

*Maar sjoe - dan kom die Here en Hy kom stort sy genade soos manna uit - genoeg vir elke dag! Pappa, jou getroue gehoorsaamheid en harde werk word beloon. En geld is nie alles nie - o nee... Maar om die vrugte te pluk met kwaliteit produksie in haglike omstandighede wil gedoen wees!*

*Ek is verskriklik dankbaar vir Liewe Jesus om vir my 'n Pappa en Mamma te kon gee wat so baie vir my doen en beteken. Julle voorbeeld, leiding en ondersteuning glo ek sal my nog lank dra. Ek verlang verskriklik as ek so ver is - ek is bekommerd as ek so ver is.*
*Maar dan sien ek dinge soos hierdie en ek weet; ek kan nie vir beter vra nie. Dankie.*

*Ek is lief vir julle.*

# VERSEKERING IN DIE TYD VAN COVID-19



Diefstal neem volgens ons Versekeraars toe in hierdie tyd. Wees dus bedag op die volgende:

- Indien 'n besigheid op die oomblik nie oop is vir besigheid nie, moet die eienaar toesien dat die nodige veiligheidsmaatreëls in plek is en toegepas word, bv. diefwering en alarmstelsels.
- Op plase, waar niemand op die plaas woon nie, moet die kliënte toesien dat toerusting wat in store geberg word, eerder gestoor word op die perseel waar daar wel toesig is.

Motor- en huisversekering is 'n belangrike deel van ons lewens en daarsonder kan ons nooit verseker wees of ons daardie onverwagte, nie-beplande uitgawes sal kan dek nie.

Net soos jy jou voertuig gereeld inneem vir 'n diens, of jou tandarts een keer 'n jaar besoek, moet jy jou korttermyn versekering ook meer gereeld nagaan om seker te maak jou dekking reflekteer jou omstandighede.

Kommunikasie tussen jou en jou makelaar of finansiële adviseur moet ook gereeld plaasvind, sodat jy op hoogte is van jou polis, watter voordele jy geniet en of die polis steeds dinamies voldoen aan jou veranderende behoeftes. Indien daar enige verandering in jou lewe plaasgevind het, moet jy jou makelaar of adviseur daarvan in kennis stel sodat jou polis aangepas kan word.


**KONTAK BESONDERHEDE**

| | | |
|---|---|---|
| **AVONTUUR**<br>Ian du Plessis<br>Tel: 044-752 3004<br>ian.duplessis@ssk.co.za | **HEIDELBERG**<br>James Ackhurst<br>Tel: 028-514 8712<br>james.ackhurst@ssk.co.za | **RIVERSDAL**<br>Jacques de Beer<br>Tel: 028-713 3516<br>jacques.debeer@ssk.co.za |
| **MOSSELBAAI**<br>Frans Marx<br>Tel: 044-601 1200<br>frans.marx@ssk.co.za | **SWELLENDAM**<br>Abrie Jooste<br>Tel: 028-514 8784<br>abrie.jooste@ssk.co.za | **SWELLENDAM**<br>Carola Koekemoer<br>Tel: 028-514 8784<br>carola.koekemoer@ssk.co.za |



Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer

SSK is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (RFD lisensie nr 1107) gelisensieer om finansiële raadgewende dienste, asook finansiële intermediêre dienste te verskaf ten opsigte van die volgende produkte: Korttermyn Versekering - Kategorie: Persoonlike lyne en Kommersiële lyne (insluitend landbou lyne). SSK se RFD-lisensie is op aanvraag beskikbaar en kan besigtig word by enige van die versekeringstakke.




**Aalwynplante** kan reg deur die jaar getap word indien die toestand van die plant dit toelaat. Die rye blare word ongeveer 30mm vanaf die stam van die plant afgesny en in 'n sirkel om 'n dik plastiek gepak sodat die sap daarin kan uitloop. Die hoeveelheid sap wat die blaar kan lewer- is gemiddeld 20ml per blaar . Plante word net eenmaal elke 18 maande getap en daar moet te alle tye 4 rye blare op die plant oorbly. Dit verseker dat die plant voldoende water reserwe beskikbaar het nadat van die blare afgesny is. *(Foto's: Nenane Bester)*




# 'N BOER VAN 'N PAMPOEN!







Al kon die Heidelberg Groot Pampoenfees weens Covid-19 vanjaar nie soos altyd in Maart plaasvind nie, was daar tydens die inweeg van die pampoene by die Heidelberg Skouterrein Donderdagmiddag 26 Maart groot opwinding.

Altesaam 62 pampoene is ingeskryf, waarvan 34 geweeg is. Die 15 grootste pampoene, asook die lelikste en mooiste een, het kontantpryse gewen.

Piet Lotz van Riversdal (links en regs bo), se pampoen het die Suid-Afrikaanse, asook die Suidelike Halfrond-rekord laat spat met sy pampoen van **860 kg.**

SSK is jaarliks 'n borg van die geleentheid. Ons sien uit na die Groot Pampoenfees in 2021, wanneer 'n paar boere uit ons streek seer sekerlik vir Piet Lotz gaan uitdaag.



# NUUS UIT SSK TYDENS DIE INPERKING

Die Saadafdeling het voor die inperking die besluit geneem om die produsent tegemoet te kom met uitstel op betalingsterme. Dit het bygedra daartoe dat produsente hulle saad voortydig kon afhaal om te verseker dat daar sover moontlik in optimale tyd geplant kon word.

Die SSK graansilo's is aan die gang met uitlaai-aksies om plek te maak vir die komende 2020/2021 oes inname wat ons vertrou 'n goeie oesjaar sal wees. SSK beskik oor genoegsame voergrane om in ons produsente se behoeftes te voldoen en u kan Henry Gale (henry.gale@ssk.co.za of 082 440 3304), of u naaste silo kontak vir meer inligting oor voergraan pryse en beskikbaarheid.

Veevoer Vervaardigers te Karringmelksrivier produseer teen volle kapasiteit. Veral ons lede in die suiwelbedryf trek voordeel uit ons uitstekende kompeterende produkte en diens. Die nuwe aanleg te Riversdal is aan die begin van April in werking gestel en die eerste produkte is kort daarna aan ons kliënte in dié area besorg. Ons is opgewonde oor die geleenthede in die area en die voordele wat hierdie aanleg vir ons boere kan bied. Sodra ons weer toegelaat word, sal ons 'n geleentheid aanbied om die aanleg en sy funksionaliteit aan ons lede en kliënte bekend te stel.

The 22 SSK AgriLand retail branches and fuel stations are open as usual and we assure you that national regulations to safeguard our employees and customers are our top priority and are strictly adhered to.

Die administratiewe afdelings insluitend Krediet en Versekering is ook te alle tye beskikbaar om aan u uitsonderlike diens te lewer.



AgriLand Swellendam



AgriLand Heidelberg

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing : Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling en rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za